# DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin



**15 November 2020**

**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

## Tema 2020 - VISIE 20/20

**OGGENDEREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** 1 Korintiërs 3 : 10—15



**Sang**

Psalm 107 : 1, 20
Skrifberyming 12-3 : 1, 2
Skrifberyming 14-3 : 2, 3 en 4
Skrifberyming 15-1 : 3, 4

Die feit dat ons vandag in die erediens bymekaar is, is menslik gesproke, 'n wonderwerk. Die blote gedagte dat gemeentes vandag nog bestáán, is 'n groot wonder en het niks met die mens se vermoëns of genialiteit te doen nie. Vanaf die vroegste tye het die satan deur mense probeer om God se werk in die wiele te ry. Paulus moes baie keer vir sy lewe vlug. Deur die eeue vind ons dat die mens telkens die pad byster raak, tewens die Kerk sélf, was baie keer aan die voorpunt van hierdie verkeerde paaie. ns Dink maar aan die Kruistogte – gewettige oorloë teen Islam. Die Rooms Katolieke Kerk met sy leer van die aflaat en die siening oor die sakramente en die posisie van die pous. Die Kerk is nie in die hande van mense gelaat nie. Net wanneer die mens dink dat hy al die kennis het om op sy eie aan te gaan en sélf te besluit wat die beste vir God se Kerk is, stuur die Here mense met besonderse gawes en met besonderse insig wat kan onderskei tussen reg en verkeerd. Luther, Calvyn, Guido de Bres. Ons eie kerk se geskiedenis – Dirk Postma en die stryd teen die Kollegialisme van de Mist.

God laat nie sy Kerk oor aan die giere en grille van mense nie, Hyself hou die Kerk in stand. En Hy doen dit deur gereeld die Kerk te toets. Paulus sê die bouwerk van elke lidmaat sal getoets word. Paulus sê: "Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Heilige Gees in julle woon nie?" Ons is die bouwerk en ons toets is met vuur. Die kerk is waar God se kinders in die wêreld leef. By ons werk en by ons huis is ons elkeen die verteenwoordiger van God se huishouding in die wêreld. Deur die doop word 'n kind deel van hierdie huishouding van God, word daardie kind self ook deel van die gebou wat die heilige algemene Christelike kerk genoem word – die gemeenskap van die heiliges. En Paulus sê dat waar elkeen van ons kerk is, daar sal ons deur God se vuur getoets word. Hierdie toets is om vas te stel of ons besig is met bouwerk of brouwerk? Hoe moet ons werk lyk?

Wanneer ons 'n huis bou verg dit baie beplanning. Ons moet saam met die bouer van geestelike huise, God, beplan en bou bid in afhanklikheid. Ons huis se fondasie moet vasstaan op die geloof dat Jesus Christus ons enigste Verlosser is. Hy is die Logos – lewende Woord.

Ons hele Christelike geloof staan of val by die belydenis dat Jesus Christus waarlik die Seun van God is. Ons manier van kerkwees, ons tradisie kan verander, maar ons belydenis van Jesus Christus bepaal die wese van ons geloof. Ons staan geanker op hierdie fondament. Wanneer die fondasie reg is, kan ons saam met God begin om die mure te bou. Die Heilige Gees is die sement waarmee ons huis se boustene aanmekaar gehou word. Die sement is die belydenisse van die kerk – waarheid. Dit bind ons saam tot ‘n sterk eenheid. Die reformasie roep 3x geskrifte teen dwaalleer na vore. Telkens wanneer ons in die erediens byeen kom, word die stene van ons huise verder vasgemessel. Elke keer wanneer ons uit dankbaarheid iets doen in die gemeente, is ons besig om boustene te lê in God se huis. Of dit nou beteken om op die Kerkraad te dien of om Katkisasie aan te bied of om iets te reël. Wanneer hierdie stene aanmekaar geheg word deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees, bly ons huise staan in krisistye.

God is die dak wat oor die huis gebou word. Die dak van die huis beskerm ons teen alle elemente in alle seisoene van die lewe. Koud, warm, sonskyn of maanskyn. Wanneer God ons dak is, kan ons weet dat ons bouwerk die aanslae van die wêreld sal weerstaan. Weet ons sal dit ook die vuur wat God stuur kan weerstaan. God ons Vader, is die beskermer van ons huise. Die vensters en die deure is lidmate. Deur ons kry die wêreld die geleentheid om te sien wat binne God se huishouding aangaan. Kry mense die geleentheid om te sien of hulle ook deel wil wees van God se huishouding. As die vensters vuil is, of as die deure toe is, sal mense nie kan sien wat binne die gebou gebeur nie. Die wêreld sit met groot oë en ore na die Christene en kyk en wag dat ons ‘n misstap begaan. Koerante reageer en blaas ‘n saak op wanneer predikante betrokke is. Dit is asof almal hulle verlustig wanneer Christene iets verkeerd doen of sê. Petrus sê dat ons onberispelik moet wees. Dis baie moeilik, want ons is almal sondaars. Ons vensters mag nie vuil wees nie. Mense moet deur dit wat ons doen en sê, so aangespreek word, dat hulle graag deel wil word van ons huis. Dit wat iemand van buite deur die vensters en deure van die gebou sien, moet hulle inspireer om dadelik deel te wees. Vuil vensters en toe deure stoot mense af. ‘n Christen wat nie leef en optree soos die Bybelse voorskrifte nie, jaag mense weg. Daarom het ons as kerke aanmekaar die lig, leiding en bystand van die Heilige Gees nodig.

Volgens vers 13 gebruik elkeen verskillende materiaal waarmee ons die huis verder wil versier. Nie almal het dieselfde vermoëns of gawes nie. Sommige kan ouderlinge wees, ander weer diakens, sommige kan onderrig gee, ander kan finansiële beplanning doen, nog ander kan weer evangelisasiewerk doen, orrel speel ens. Verskeidenheid gawes. Elkeen het iets wat hy/sy vir die gemeente kan bied. Sommige bou met goud, ander met silwer en nog ander met edelstene, sommiges sal help bou met hout of gras of strooi. Dit maak nie saak wat ons gebruik nie, solank ons nie die bouwerk afskeep nie, want die dag gaan kom wanneer God elkeen se bouwerk met vuur sal toets. Daarom is die Kerk nie fisiese geboue nie. Dit is nie ‘n instituut of organisasie nie. Die Kerk bestaan uit mense wat in ‘n geloofsgemeenskap saamkom en toegerus word om hulle geloof in die wêreld uit te leef. God toets ons bouwerk waar ons elke dag in die wêreld leef. Wanneer en in watter vorm die toets kom, weet ons nie. Maar dat dit wel sal plaasvind, kan ons nie betwyfel nie. Die vuur sal die bouwerk van ons eie lewe deeglik toets!

Die Here stuur Luther om te protesteer teen verkeerde praktyke. Dit leer dat ons deur Jesus Christus uit genade alleen gered sal word, is deur die RK vervang met ‘n leer waarin ‘n mens jou sonde kon afkoop deur ‘n boetedoening voor ‘n priester. Die Kerk was nie meer gebou met God Drie-enig nie, maar boustene wat deur tradisie aanmekaar gebind is.

God se vuur het die Kerk blootgelê vir wat dit was: 'n eiesinnige en eiewillige organisasie. Die toets raak ons egter meermale op 'n meer direkte wyse. In my persoonlike lewe sien ek die toets partykeer duidelik. Sal God se vuur wys dat ek stene van naasteliefde het en nie stene van meerwaardigheid nie? Dat ek die gawes van die Gees leef.

Miskien lê my toets in dood van 'n geliefde. Of wat en hoe ek doen en optree in finansiële krisis.  As my huis met God Drie-enig gebou is, sal ek vind dat ek hierdie krisis kan weerstaan, maar as ek met sandstene gebou het, sal ek sien dat hierdie gaping wat deur 'n geliefde gelaat is, nie maklik herstel kan word nie. My huis is dan geneig om inmekaar te tuimel. Ons huwelike word baie keer deur God se vuur getoets! – Suid Afrika het die hoogste egskeidingsyfer in die wêreld, miskien is die bouwerk wat ons as kerk doen, nie goed genoeg nie. As gemeente moet ons weet, ons staan onder God se toets. Daar sal 'n dag kom wat God ook hierdie gemeente sal toets en kyk of die bouwerk goed is. die vraa: Is ons bouwerk geanker op Jesus Christus as fondasie? Is die Heilige Gees die sement wat ons boustene aanmekaar bind? Is ons boustene stewig en nie 'n klomp grille en giere waarmee ons bou nie? Is God die dak oor ons koppe wat ons sal beskerm? Is ons vensters en deure vir God, sodat mense kan sien en met vreugde deel wil word van God se gebou? God se toets, sal ons die antwoorde gee. Daarom moet ons volhard in ons werk. Die oog gevestig op Jesus die Leidsman en Voleinder van die geloof.

Martin Luther het saam met die Here krake in die bouwerk raakgesien. Hy het die handleiding bestudeer. Ons moet eers die moets en moenies van bouwerk leer, voordat ons 'n huis kan begin bou. Netso werk dit ook met ons geestelike gebou. Ons moet in die handboek van die Lewe kyk waar om te begin en leer hoe om reg te bou. Deur die Bybel te lees het Luther die krake raakgesien en geleer om weer op die regte fondasie te bou. Die Bybel leer ons hoe om te bou sodat ons God se toets sal weerstaan. Sonder die Bybel, kan ons vergeet om bouers vir God te wees. As ons wil sien dat ons gebou God se toets weerstaan, moet ons die slagspreuk van die Reformasie, ons eie maak: "Sola Scriptura". Die Bybel alleen. Lees, kyk en leer jouself en jou kinders.


## BYBEL VERTALING 2020 WEERGAWE

Die nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel : 2020 vertaling is nou beskikbaar en kan bestel word by sales@biblesociety.co.za of vanaf die Bybelgenootskap se aanlyn winkel of van die kerkkantoor.



## ALMANAK 2021

Almanak 2021 is nou beskikbaar vir bestelling.
Skryf nou jou naam op die kennisgewingbord vir bestelling.
Almanak 2021 se kostes is R100.00



# OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir almal in ons gemeente wat siek is en emosioneel swaarkry. Ons bede is dat die Here elkeen wat siekte ondervind deur die moeilike tyd sal dra. Ons is baie dankbaar dat lidmate wat ernstig siek was se toestand verbeter het. Indien u besoek wil ontvang kan u met ds Sarel of die wyksouderling kontak maak.

* Baie geluk aan Enrize van der Walt wat die nuwe hoofseun van Tom Naudè vir 2021 is. Ons bid jou die seën van die Here toe met die werk. Baie geluk aan die ouers: Dries en Erika van der Walt en aan oupa Hannes en ouma Petra.

* Ds Sarel is deurentyd besig en beskikbaar vir huisbesoeke. Die inperking het ‘n nadelinge uitwerking op ons emosionele welwese. Die inperking gaan nog tot Desember voortduur indien die getalle nie toeneem nie. Doen die regte ding en bly op die hoede vir infeksie. Intussen sal die dagstukkies voortgaan tot in Desember wanneer ds Sarel op verlof gaan. Die preke sal ook steeds gestroom word. Ons innige dank aan Douw Venter, Shawn en Annemarie Koekemoer wat sorg dat die erediens uitgesaai word.

* Die gevolge van die pandemie is besig om in ons stad en omgewing deur te werk. Ons diakonie lewer hulp waar hulle kan. Indien u nood ondervind moet u asb met die Kerkkantoor kontak maak. Vandaar sal die diakens wat verantwoordelik is, u dan kontak vir ‘n besoek.

* Die Gereformeerde Kerk Pietersburg – Noord nooi die Gereformeerde Kerk Pietersburg hartlik uit na die jaar se Kerssangdiens op DV Sondag 15 November 2020 om 18:00.

* Die SDDS se deputate vir Noodtoestande het aan ons gemeente ‘n skrywe gerig, waarin hulle vra vir hulpverlening aan die gemeentes in die Wes-Vrystaat, Noordwes en Noord-Kaap waarin daar boere is wat deur die droogte geteister word en verliese met die brande gely het. Waar lidmate dit in hulle harte vind om ‘n bydrae te maak om die nood te verlig, kan u u bydrae aan die diakonie oorbetaal. Gebruik die verwysing: Brande. Die kerkraad het besluit om die bydraes uit die gemeente aan te vul tot R50 000.

* U kan direk aan die SDDS oorbetaal. Laat weet asb vir Nantes as u ‘n bydrae gemaak het.
  Bank: ABSA
  Rekeningnaam: SDDS
  Rekeningnommer: 3330141750
  Takkode: 632005
  Verwysing: Brande

* Kommissie wat herderlike brief moet opstel se vergadering in kerkgebou om 18:00.

# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **15 November** | **Kollektes** | **By deure:** | Diakonalesorg. |
| **17 November** | **10:00** | Bybelstudie by die kerkgebou. | |
| **18 November** | **18:00** | Bybelstudie by die kerkgebou. | |
| **19 November** | **09:30** | By Alta Theron se huis | |

## DIAKONIE

Die diakonie vra dringend hulp vir droë voorraad om in die gemeente te kan help. Kontant bydraes is ook baie welkom. U kan dit by die kerkkantoor afgee.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak, om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sidanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor oop is op Maandae; Woensdae en Vrydae van 08:00 tot 12:00 uur.

## PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met br.

Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting

per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as**

**Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

## KERKRAAD

Finansiële verslag tot en met Oktober 2020 is aangeheg vir lidmate se insae.
Ons bedank lidmate wat maandeliks hulle bydraes gee. Die finansies word met sorg hanteer en sover moontlik word uitgawes beperk.
Die finanskommissie doen te midde van die moeilike omstandighede 'n beroep op almal om hulle bydares by te hou aangesien ons die Woordbediening instand moet hou.
Ons bede is dat die Here ons gemeente sal by versorg in hierdie moeilike omstandighede. Psalm 50 : 14, 15 sê duidelik " Lof is die offer wat jy aan God moet bring. Betaal jou geloftes aan die Allerhoogste. Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy sal My eer."

Gereformeerde Kerk Pietersburg Begroting Opsomminig tot einde Oktober 2020.

2020 Begroting Opsomming

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **2020 Bydraes Begroting op 5%** | R 1 749 587.08 | | **2020 Begrote Uitgawes** | R 1 877 97.08 | | **Tekort 2020** | -R 127 610.00 |
| **Gem. per maand** | R 145 798.92 | | **Gem. per maand** | R 156 433.09 | | **Tekort per Maand** | -R 10 634.17 |
| | | | | | | | |
| **2020 Bydraes ontvang** | R 1 181 853.26 | | **2020 Uitgawes** | R 1 483 306.25 | | **Tekort 2019** | -R 301 452.99 |
| **Gem. per maand** | R 118 185.33 | | **Gem. per maand** | R 148 330.63 | | **Tekort per Maand** | -R 30 145.30 |
| | | | | | | | |
| **2019 Bydraes ontvang TOD** | R 1 305 110.41 | | | | | | |
| **2019 Gem. per maand TOD** | R 130 511.04 | | | | | | |

-R 76.90


| | | |
|---|---|---|
| **Bydraes het geval per maand** | R 12 325.72 | -9.44% |

Maandeliks opsomming op 5% verhoging.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Gem. Bydrae per lidmaat | **R 371.94** | Tekort per Lidmaat | **-R 27.13** | Lidmaat Totaal '20 | **392** |
| Gem. Uitgawe per lidmaat | **R 399.06** | | | Lidmaat Totaal '19 | **463** |

**Die tekorte sal moet uit die Investec Rekenning onttrek word.**

| | | |
|---|---|---|
| **Getrek die jaar uit Investec** | **R 410 000.00** | R 41 000.00 |
| **Investec Saldo 30/06/2020** | **R 5 609 064.26** | |
| **Investec Saldo 31/10/2020** | **R 5 557 787.49** | |
| | -R 51 276.77 | |



GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
R-
R50 000.00
R100 000.00
R150 000.00
R200 000.00
R250 000.00
JAN
R124 661.00
R147 923.92
FEB
R128 908.63
R158 569.19
MRT
R135 141.00
R171 780.23
APR
R90 471.00
R102 439.60
MEI
R124 521.00
R134 154.62
JUN
R128 095.00
R143 271.33
JUL
R128 442.63
R194 868.32
AUG
R107 461.00
R154 034.54
SEP
R103 661.00
R143 868.21
OKT
R110 491.00
R134 396.29
DANKOFFERS



# KALENDER



| *Verjaarsdae* | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 15 Nov | ***Alta Theron **** <br> Corli Hattingh | B <br> B | 082 458 5700 <br> 082 777 4180 |
| Ma 16 Nov | Maurice Stander | B | 082 448 9198 |
| Di 17 Nov | Annaleen Grobler | B | 071 673 0584 |
| Do 19 Nov | ***Marius Krüger **** <br> Chris Semet | B <br> B | 082 785 6975 <br> 072 831 8147 |
| Vr 20 Nov | Wian Van Der Walt <br> Elmara Wolmerans | D <br> B | 078 176 0964 <br> 083 339 5398 |



## GEDAGTE VIR DIE WEEK

Met my hele hart
wil ek die Here loof
in die samekoms van die opregtes,
in die gemeente.
Die werke van die Here is groot,
almal wat daarin vreugde vind,
dink daaroor na.

*Psalm 111:1 en 2*

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks) |
| Faksnommer | 086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Volgens die genade wat God my gegee het, het ek soos 'n goeie bouer die fundament gelê , en 'n ander bou daarop. Maar hy moet mooi kyk hoe hy verder bou, want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fundament is Jesus Christus.*

*1 Korintiërs 3 : 10 – 11.*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS